

**Skriflesing:** Mattheus 5:33-48; Romeine 13:1-7

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 37**

**Teks: Deuteronomium 6:13**

**Sing- SAMESANG: Ps 139:1,12**

**TYDENS EREDIENS: Ps.24:2,5; Ps 145:1,10; Ps 48:4**

As deel van die derde gebod, broeder en suster, word die aanroeping en die belydenis van God se Naam ook as deel van die burgerlike samelewing voorgehou. Mag ek God se Naam in 'n eed swering voor ander mense aanroep? In die tyd van verwêreldliking en sekularisering, terwyl mens elke dag al hoe meer bewus word van hoe mense in hulle leefwyse van goddeloosheid vererger, is dit seker 'n geldige vraag of die Kategismus op hierdie punt darem nie nou heeltemal agter geraak het nie.

Die Kategismus wat Sondag 37 betref was veral gemik teen die Wederdopers. Hulle wat van eed swering niks wou weet nie. Ons kom dan dadelik by die besef dat die probleem soos by van hierdie Doperse rigting dra in beginsel 'n baie dieper probleem. Soos hulle ook gekant is teen die heffing van rente en klomp dinge wat met die staat en die owerheid verband hou, lê die eintlike verskil tussen ons en hulle in die belydenis rondom die verhouding natuur en genade.

Daar is by hulle 'n direkte skeiding tussen wat die natuur genoem word en dan dit wat ons as genade beskou. Die genade in Jesus Christus stel hulle eintlik in teenstelling met die res van die geskape lewe. So word daar dan geglo as Christus jou verlos het dan staan jy onder die heerskappy van die genade wat met die natuurlike lewe moet breek en ook moet jy dan los kom van die wette wat met die natuurlike lewe te doen het. Dit is te aards en die geestelike mens moet hom/haar van die aardse onttrek. Hulle wat voorhou hulle doen hierdie dinge om Christus ontwil. Ook hulle weiering om 'n eed te sweer soos wat die owerheidsgesag dit kan eis spruit hieruit voort want wil hulle heelyd die geestelike van die natuurlike skei. Om in die hof te moet sweer is die regterlike daarvan deel van die natuurlike lewe wat hulle juis van onttrek.

Die burgerlike en politieke en maatskaplike en staatkundige en seker selfs kulturele lewe staan volgens hierdie Doperse beskouing in spanning met die geestelike en dit wat die verlossingswerk van Christus insluit. Hulle besef nie hoe gevaarlik hierdie standpunt

eintlik is nie. Ons het hier met 'n baie groter saak te doen as bloot of ek mag sweer of nie. Per implikasie plaas hulle hul geloof rondom die Drie-Eenheid van God op 'n dwaalspoor. Nooit het God dit so wou openbaar dat die werk wat God die Seun doen in Sy werk van verlossing dat hierdie werk 'n teëstelling is op die werk van God die Vader wat Hy in Sy skepping doen.

Ons het by behandeling van die eed eintlik 'n groter vraag. Hoe staan Christus teenoor die politiek. Hoe staan Christus teenoor die lewe, hoe staan Hy teenoor die werk van God die Vader waarmee Hyself nooit in spanning sou wees nie. Hoe staan jy as deelgenoot van Christus teen die lewe wat in hierdie wêreld besig is om plaas te vind.

Dadelik moet ons wat gedink het die Kategismus is hier darem baie verouderd, ons woorde sluk want wat kan eintlik nou meer aktueel wees as die vraag na hoe staan Christus teenoor die lewe in hierdie Suid-Afrika waarin ons tans lewe?! Ook hier handel ons belydenis om lewe of dood, soos wat ons in Sondag 36 kon hoor die sonde wat tot die dood lei is nie los van die sonde wat nie vergewe kan word nie. Dit wat die sonde teen die Heilige Gees is, dit wat nie vergewe kan word nie, is waarop dit aankom. En wat moet ek nou doen as hierdie dinge na my toe kom. Dit word dalk van my geëis dat ek 'n eed moet aflê, wat gaan ek maak?

\*\*\*

Geliefdes ons het eintlik met genade te doen as ons van eed swering praat. Weereens het die Wet ons eintlik die evangelie ingelui dat daar ook verlossing en lewe kan wees selfs op hierdie punt van die derde gebod. Ons lewe in so 'n harde wêreld van leuens en bedrog. Daar sou nie só iets soos eed swering nodig gewees het as die heerskappy van die sonde en die bestaan van leuens en bedrog nie die lewe ingekom het nie.

Die sonde het egter die lewe ingestroom en dit oorstroom letterlik 'n samelewing tot op elke terrein. Die handel, die verkeer, huwelike, ag u kan aan enigiets dink en sal moet erken die sonde het daar ingekom. Selfs net dat mens se ja, ja moet wees en jou nee, nee, die gesonde beginsel wat moet geld. Die moontlikheid van taal, die woord wat God ons gee dat die een mens met die ander kontak mag maak, dit dien om die wonder van die

verbond net te verdiep. As gemeenskap is dit altyd iets van die verbond wat na vore kom want die woorde wat ons met mekaar mag praat word net nog dieper as ons besef dat God ook praat. God het ook Sy Woord. Die Woord van God laat die gemeenskap van heiliges nooit op enige terrein leeg nie, vanweë die blote feit dat God se Woord nooit leeg na Hom kan terugkeer nie.

Dink net hoe arm, hoe leeg, hoe eensaam sou dit wees as niemand kon praat nie en elkeen maar net geheel en al net op homself/haarself aangewese sou wees. Die Here het ons wonderlike verbondsmiddele gegee, oë sodat ons mekaar kan raaksien, ore sodat ons mekaar kan hoor, harte dat ons mekaar kan liefhê, monde om met mekaar te praat, voete om nader na mekaar te beweeg. Broeder en suster hierop sou ons nog so baie op kon uitbrei. Net die feit dat wat in woorde lê en dit wat op die einde in die taal verpak kan word dat ek my gedagtes kan uitdruk, dat ek die geheime van my hart kan oopmaak, dat ons dinge mekaar kan toesê, dat ons op mekaar kan vertrou en woorde van trou kan uitspreek, ja ons dink nie meer genoeg daaraan nie? Sondag 37 is nou weer die geleentheid om daaraan te dink. Daar lê baie genade in wat 'n eed in wese is!

God word my bondgenoot, Hy word die Getuie gemaak om die waarheid van ons woorde te bevestig. Hy wat alomteenwoordig is, Hy is alwetend, Hy alleen kan op so 'n wyse oor die waarheid oordeel. Daar kan nie twyfel wees dat as jy God jou Getuie maak dit 'n baie ernstige saak is nie. Ons belydenis beskou dit met die erns wat ons reeds in Sondag 36 kon sien met die Naam van die Here saamgaan. Om sommer ligtelik te sweer dit mag nie gebeur nie. Die Kategismus gebruik die woord- *godvresend*-

Nou moet ons heeltyd onthou as Jesus in Mattheus 5 praat dat ons nie moet sweer nie dan gaan dit oor die eed wat heeltemal nie meer so ernstig hanteer is as wat vereis word nie. Hulle maak eintlik daarvan 'n totale karikatuur deur voor te gee dat ek mag sweer, ek moet net nie direk by God sweer nie. Sweer eerder by die hemele, of by die altaar, of by Jerusalem, of by die aarde, of by jou kop of by jou baard. So is daar geredeneer as jy nie by God sweer nie dan is jy nie werklik met dieselfde krag verplig om die waarheid te spreek nie. Hier kan jy maar net jou hand 'n bietjie lig maar voor God moet jy jou hand

ten volle lig. Dit is natuurlik verregaande die wanpraktyke wat hieruit na vore gekom het en daarom dat Jesus hulle verbied om by enige van die voorwerpe te sweer wat hulle gemeen het hulle eed sy krag laat afneem. Die eed moet altyd kragtig gesien word want het ons met die krag van God te doen. Daarom het ons gelees hoe Jesus dit alles na God terugbring- *Maar Ek sê vir julle: Sweer hoegenaamd nie—nie by die hemel nie, omdat dit die troon van God is; ook nie by die aarde nie, omdat dit die voetbank van sy voete is; ook nie by Jerusalem nie, omdat dit die stad is van die groot Koning; ook by jou hoof mag jy nie sweer nie, omdat jy nie een haar wit of swart kan maak nie. Maar laat julle woord wees: Ja ja, nee nee. Wat meer as dit is, is uit die Bose.*

Die Here stel hierdie wanpraktyke tot in sy diepste bloot en word ons dadelik onder die krag van die negende gebod gestel. Dit terwyl ons weet die geboie staan in krag nie verswak tot mekaar nie, maar juis is elke gebod daar tot versterking van die ander gebod. So moet daar met die Wet omgegaan word. Die negende gebod van om **teen niemand valse getuienis af te lê nie, niemand se woorde te verdraai, of 'n kwaadstoker of lasteraar te wees niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie** (vgl. Son 43). Ek moet lieg en bedrieg, ja alle vorme daarvan as die duiwel se eie werke vermy. Anders kan ek die sware toorn van God op my bring. Dan staan dadelik en direk hiermee saam- **In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder...**

Broeder en suster, ek dink dit is voor die handliggend dat wat die Here sê, laat jou ja, ja wees en jou nee, nee, sake van die negende gebod is wat ons in alle geval ook aan Christus bind soos wat ons reeds by die derde gebod ten volle voor Christus kom staan omdat ons aan Hom gebind is. Nooit het Jesus bedoel dat die eed per se nie mag gebeur nie, so moet ons die Bybel nie lees nie. Wat dan daarvan dat Jesus ook voor die Joodse Raad verskyn het en Jesus staan daar onder eed. Die hoëpriester is kragtens sy amp ook onder eed. Al die getuies wat daar ingeroep word is onder eed. Nou hoor ons die verskriklike valse getuienis wat voor die Raad gelewer was. Daar word so baie gelieg, selfs die hoëpriester lieg, maar dan word Jesus direk onder die eed aangespreek. Die feit

dat hulle saam met Kajafas so die eed swering misbruik het maak nie dat dit swakker word nou waar Jesus onder eed Sy getuie gaan aflê nie. Hoegenaamd nie! Jesus sweer 'n eed. Hy roep sy Vader in as Getuie van die waarheid. Die enigste waarheid wat hier gespreek word, spreek Jesus. Dit is geweldig die oomblikke waarin dit plaasvind. Jesus is ook die Enigste wat met name uitgeroep word om die HERE as sy Getuie te roep. En dan sweer Jesus die waarheid in die volheid daarvan- *Ek is die Seun van die lewende God..*

Kajafas se bedrog en onreg duur net voort.. Kamtig op grond van die eed skeur hy sy klere en word daar uitgeroep- *Het julle die godslasterlikheid gehoor?!* Jesus word beskuldig dat Hy die derde gebod oortree, dat Hy godslasterlik spreek, terwyl Hy die Enigste is wat werklik gespreek het soos ons Kategismus sê dit moet gebeur- **GODVRESEND**. Die Godvresende word van godslastering beskuldig en die werklik godslastering kom uit die mond van hulle wat kamtig godvresend spreek. So het met Jesus gebeur. Maar terwyl die onreg in die naam van dit wat onder eed moet plaasvind voortduur is daar buite in die donker die ander skok rondom eed swering. Petrus word uitgewys dat hy een van Jesus se dissipels is. In die donker, in die koue van die nag gaan die valse ede voort, as daar vir Petrus 'n derde keer gesê word jy is een van hulle. Dan sweer Petrus 'n valse eed- *Ek ken die man nie!*

Die eed is en bly baie ernstig. As daar nie 'n sondeval was nie, dan was ons woord verkeer ook goed so goed soos wat God alles geskape het. Om jou woord te hou sou vir God altyd belangrik wees, want God hou sy Woord in alles. Maar nou het mense se woorde in baie opsigte so oppervlakkig begin raak. Wat het mense nog werklik aan mekaar se woord as alles so deur die sonde ingetrek is?! Die vastigheid en sekerheid wat verhoudinge in ons lewens moet wees is weg. Dit het 'n puinhoop geword. In ons woorde wys ons eintlik hoe ontaard ons liefde geword het. Ons het ons naaste in ons woorde nie meer lief nie, omdat ons God nie meer liefhet nie. Ons mis daardie binding aan God en daarom gee ons woorde aan die samelewing ook geen vastigheid meer.

Om onder eed te getuig het gekom vanweë dit wat ons aan onself gedoen het. Die gewone vertrouwe in mekaar is weg, maar het ons hier die vertrouwe van Prediker 4:11- *'n drie-dubbele lyn word nie gou verbreek nie*. Dit gaan om drie wat by 'n eed moet saampraat. Jy en ek en God. God staan hier as Getuie. Hy hoor wat gesê word en wat afgespreek word. Die God van waarheid en trou wat nie kan lieg nie sal Getuie wees as ons, ons woord verbreek. Daar kan niks ernstiger wees as om die Here die Getuie tussen jou en my te maak nie. Dit is in wese eed-swering. Die onvaste woord wat daar sou kon wees tussen twee mense, kry nou 'n vaste punt. Woorde wat opsigself onbetroubaar kon wees word nou in God veranker. Wanneer ons woorde so aan God gebind word dan word dit ook weer 'n vaste verbinding tussen ons as mense. Die trou aan God kan die leuen onder die mense oorwin.

Dit reik na die lewe buite die kerk. Binne die kerk sowel as buite mag God se Naam nie ydellik gebruik word nie. Jy kom teenoor die owerheid te staan. Die owerheid kan van jou eis om in God se Naam te sweer. Selfs het Jesus dit teenoor die Romeinse owerheid laat gebeur. Jesus doen dit met die volle besef wat dit alles insluit. Die heilige vrees wat daar vir God in ons harte moet wees bepaal dat God se Naam op aarde nie doodgeswyg mag word nie. In hierdie wêreld van soveel ongeregtigheid moet die geregtigheid en die waaragtigheid van God beklemtoon word. V/A 101 waar die owerheid dit mag eis gaan dit altyd om die trou en waarheid te bekragtig. Tot eer van God en tot heil van ons naaste moet dit gedoen word.

As Ps 24 aan ons vra- *Wie sal klim op die berg van die Here? En wie sal staan in sy heilige plek?* By hierdie Psalm sal ons besef die God van reg en wat die waarheid is Hy is ook 'n verterende vuur teen alle onreg en dit wat onwaar is. Die Psalm laat die uitkoms nie onbekend nie. Hulle wie na die berg mag opklim staan daar- *die wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie*. Dan gaan dit natuurlik dadelik ook om Psalm 139- As die een wat sweer sy regterhand in die lug hou met die vingers na bo as teken van God se alwetendheid en alomteenwoordigheid, God is my Getuie as ek dan ook sal sê – SO HELP MY GOD, ALMAGTIG. Dit gaan om Ps 139 as daar staan – *HERE, U deurgrond en ken my. U ken my sit en my opstaan; U*

*verstaan van vêr my gedagte. U deurvors my gaan en my lê, en U is met al my weë goed bekend.*

In dit alles wat so ernstig is, waar jy jou voor die eindgerig van God stel, dit plaas die owerheid ook voor 'n dure verpligting. Die eed kan en mag nooit maar net 'n formaliteit wees nie. As hulle, die owerheid nie gelowig is nie, broeder en suster, wat dan?! Ons roeping is nog steeds duidelik. As God se deugde van trou en waarheid dit van ons eis en ons bely en handhaaf die eer van God, dan moet ons God nog meer gehoorsaam wees as mense. Ons bly aan die vaste punt gebind, gebind aan Wie God is, aan sy trou, aan sy waarheid, by God wat onwankelbaar vas is, ons bou ons reg, en dit moet die owerheid in sy regstelsel ook besef, alleen op God as ons vaste fondament. Om dit so te doen is genade, reeds is dit weer evangelie van bevryding om deur die eed van die leuen verlos te mag wees. Om jou aan die waarheid te mag bind.

Die eed is eintlik ook 'n harde getuienis teen ons sondig menslike natuur. Dit sê vir ons dat die waarheid is nie van nature in ons nie. Ons staan elke dag in die midde van 'n verdorwe werklikheid. Hierdie belydenis plaas albei ons voete stewig op die grond van harde realiteite wat rondom ons is. Die nuwe Jerusalem is nog nie op die aarde nie. As Groen van Prinsterer dit uitroep – “teen die rewolusie die evangelie” – dan geld dit ook vir die eed. Die eed wat evangelie is, wat jou voor die aangesig van God plaas.

As iemand dan sou wonder is dit werklik nodig dat daar 'n Sondag 37 in die Kategismus moet wees, mense uit die Doperse rigting soos Jan van Leiden wat sy doperse Sionsryk in Munster wou oprig, wat geglo het dat eedswering het met die owerheid en met politiek en met die wêreld te make... die gedagte van dit hoort nie by die gelowige tuis nie, dan gaan dit in alle geval om die groter saak. Soos die gelowige in die eedswering moet besef wat dit is, so moet die gelowige selfs in die politiek wees. Ons moet na vandag besef daardie eerste vraag van die Kategismus wat vir jou vra- ***Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?*** Ons besef nou die eed is deel van wat my enigste troos ook moet wees. Die drie dele van ons enigste troos is en bly altyd ellende, verlossing en dankbaarheid. Deur die eed kom ons ellende so duidelik na vore, my eie leuenagtigheid en

onbetroubaarheid. Dit is aan die wortel van die eed gebind dat ekself nie die waarheid in my het nie, maar ek moet aan die waarheid gebind kan wees. Die tweede is dat die eed het ook met ons verlossing te make. Dit is eintlik een stuk verlossing dat ek op God kan steun as daar in my lewe waarheid en trou van my verwag kan word. God moet my help! En dankbaarheid kan daar by ons eed swering ook wees om God te dank dat Hy vir ons in Christus die krag skenk om ook die derde gebod uit dankbaarheid te volbring. Hierin kan ons God dank dat Hy my so uit die leuen wêreld ruk en ek my so vóór sy aangesig kan stel. Eendag op die nuwe aarde waar ons almal met waarheid omgord sal wees, daar sal ook geen eed meer wees nie. Daar sal dit werklik wees- Die JA sal JA wees.

AMEN


#### Vrae uit Sondag 37

1. As jy Sondag 37 weer mooi deurgaans, in watter 2 gevalle mag ons wel sweer?
2. Aan watter 2 vereistes moet 'n ware eed aan voldoen?
3. Hoe sal jy Sondag 36 en 37 in verhouding tot mekaar plaas? Het ons by eed swering ook met die 3de gebod te doen?
4. Is daar in die paradys enige eed swering nodig gewees?
5. Wat het eed swering nodig gemaak?
6. Waarteen was Sondag 37 veral gemik deur dit in ons belydenis op te neem?
7. Is daar iets meer wat jy oor die Doperse dwalinge kan sê?
8. Hoe moet ons die verhouding tussen die natuurlike en die geestelike dinge beskou?
9. Kan dit gebeur dat jy wel verplig kan word om 'n eed te moet sweer?
10. In watter gevalle kan dit 'n saak van lewe of dood beteken?
11. Op watter wyse kan die woorde wat ons met mekaar praat ook verbondsbetekenis dra?
12. Hoe moet ons die woorde van Jesus in Mattheus 5 verstaan dat ons nie mag sweer nie?
13. Het Jesus ooit gesweer (enige eed afgelê)?
14. Hoe moet die derde gebod en die negende gebod in verhouding tot mekaar gestel word? (Vgl p4 par 2)
15. Op watter finale beskuldiging is Jesus gekruisig?
16. Noem voorbeelde in die Here se Woord waar mense valslik/lichtelik gesweer het?
17. Hoeveel is daar wat by 'n eed moet saampraat?
18. Hoe moet jy maak as jy 'n eed moet sweer maar die regter in die hof is nie 'n gelowige nie?
19. Kan ons Sondag 37 op enige wyse ook aan Sondag 1 verbind?
20. Sal daar aan die noodsaak tot eed swering ooit enige einde aan kan kom?



**SONDAG 37**

**101. Mag 'n mens ook godvresend by die Naam van God 'n eed sweer?**



**102. Mag 'n mens ook by die heiliges of by ander skepsels sweer?**

